# Jona Week 1
## "En jy sê jy dien die Here!"

**Hierdie Bybelstudie gaan saam met 'n kort preekreeks uit Jona. Die fokus is om die Woord ernstig te neem, maar ook om onsself eerlik te spieël teenoor die eise van die Woord.**

A. **Bid eers saam –** doen moeite om werklik eers stil te word voordat julle saam uit die Woord gaan lees.

B. **Uit die Woord: Lees Jona 1:1-16** (dit het baie waarde om 2 of 3 verskillende vertalings te lees, bv Afrikaans, NIV, The Message, Lewende vertaling etc – YouVersion bied wonderlike opsies)

   a. **Gee vir elkeen dan kans om die verhaal weer op hulle eie in stilte te lees.**

   b. **Wat tref jou? Wat het jy raakgelees wat jy voorheen gemis het?**

   c. **Watter vrae het jy oor die gedeelte wat jy gelees het?**

**v 1 – 3: God praat met Jona** – hy het baie duidelik geweet dat die Here met hom praat.

Praat God vandag nog?

Hoe?

Hoe weet ons as iets van die Here af kom?

**Agtergrond**:

***Nineve*** was die hoofstad van die Assiriërs – oos van Israel, wat Israel se aartsvyande in daardie tyd was. Hulle was bekend vir hul genadelose optrede en wreedheid. ***Tarsis*** was 'n hawe aan die kus van Spanje, wes van Israel. Hoekom dink jy hardloop Jona weg – presies in die teenoorgestelde rigting?

Dink jy da tons vir God kan weghardloop of wegkruip?

**v 3**: **Jona is ongehoorsaam –** twee maal lees ons in hierdie vers dat Jona **weg van die Here** probeer kom. Die punt is dat ons ongehoorsaamheid ons van die Here af wegneem! Baie keer voel ons ver van die Here af en dalk is dit ons eie skuld.

Hoe is ons vandag nog aan die Here ongehoorsaam?

Ons almal het 'n Nineve waarvoor ons bang is, wat vir ons voel te moeilik is om te gaan regmaak of te gaan doen. Wat is jou Nineve?

**v 4**: **God stuur 'n storm** – Hoekom stuur God hierdie storm?

Watter waarde kan storms in ons lewens soms hê?

**v 5-7: Pogings tot oorlewing** – matrose probeer alles om aan die lewe te bly, maar Jona slaap!

Hoekom dink julle slaap Jona en wil hy nie bid nie?

**v 8-10: Jona ontmasker –** Jona verklaar dat hy die Here dien, maar sy optrede weerspreek dit. Hy hardloop weg, slaap in moeilikheid, gee nie om dat ander vergaan nie, hou op bid, kruip weg…

Waarom maak Jona se ongehoorsaamheid hierdie matrose bang (ook v 16)?

Hoe beïnvloed ons ongehoorsaamheid mense rondom ons?

**v 11-16: Reddingpogings** – die matrose probeer tevergeefs alles in hulle vermoë om hulleself te red

Waarom gaan ons eie pogings en planne ons nie uit die moeilikheid haal of ons kan red nie?

Hoekom bid heidense matrose skielik tot God en hoe help dit hulle uit die storm uit?

Wat is daar in jou lewe waarvan jy ontslae sal moet raak voordat die storms in jou lewe gaan bedaar?

**C. Met die oog op ons lewens: 2 Belangrike vrae:**

1. **Hoe weet mense of jy die Here dien?**

   a. **Waaraan meet of weet julle dat iemand die Here dien?** Watter algemene kriteria bestaan – maak 'n lysie van 5 vereistes wat jy sou stel.

   b. **Aan watter van daardie vereistes voldoen jy nie…**

2. **Hoe is jy aan die Here ongehoorsaam?**

   a. **Watter sake is daar waaraan jy weet jy ongehoorsaam is aan die Here?**

   b. **Watter storms is daar in jou eie lewe en wat leer jy hier by Jona (**en die matrose!) **hoe om dit te hanteer?**

**D.** Hierdie bybelstudie het moontlik die lig van die Woord op 'n hele klomp sake in jou lewe kom skyn. **Gee dit vir die Here…**